



Nuusbrief 4\2021

27 September 2021

Alle Inwoners

Ons vertrou dat dit nog met almal goed gaan. Mag elkeen nie net die lente in die natuur beleef nie, maar ook in u eie lewe. Hierdie is ons voorlaaste nuusbrief van dié jaar.

JAARLIKSE MAANDELIKSE HEFFING OKTOBER 2021 TOT SEPTEMBER 2022

Tydens ons laaste maandvergadering op 10 Augustus 2021, is daar besluit, nadat die nuwe voorlopige begroting opgestel is, dat daar **GEEN VERHOGING IN DIE MAANDELIKSE HEFFING VIR DIE FINANSIELLE JAAR, 1 Oktober 2021 tot 30 September 2022, sal wees nie.**

Daar is ook besluit om die 10% korting per eiendom te gee vir alle eienaars wat die heffing vir die volle jaar betaal. Indien u maandeliks betaal, is die heffing steeds **R140.00 per maand (R1 680.00 per jaar)**, maar indien u die jaar se heffings eenmalig betaal, **BETAAL U SLEGS R1 512.00.**

Let wel, dat die 10% korting is slegs van toepassing indien u voor of op 31 Oktober 2021 die bedrag van R1512.00 betaal. GEEN LAAT BETALINGS, SAL IN AG GENEEM WORD VIR DIE KORTING NIE.

Betalings moet aan VPHEV gedoen word en meld asseblief **altyd u huis- of stoornommer**. Die bankbesonderhede is: VPHEV, ABSA, Rekeningnommer 4084890621, Takkode 632005.

Indien daar na 30 September 2021 nog uitstaande heffings is, sal u ook nie kwalifiseer vir die 10% korting nie.

Daar is ook op 10 Augustus 2021 besluit, dat daar vanaf 1 Oktober 2021, **2% rente per maand op agterstallige rekeninge gehef sal word.** Maak asseblief seker dat u elke maand 'n rekeningstaat vanaf TenCents ontvang. Indien nie, **skakel asseblief direk met Ryno Bonthuys by 021-8513330\0685401339, eposadres: voortrekkerpark@tencents.co.za**

Die huurbedrae van die store en die saal bly ook dieselfde vir die nuwe Finansiële jaar. Huurders van store moet daarop let, **dat indien u agterstallig raak met die betaling van die stoor, sal u kontrak opgehef word.** Ons het tans 'n waglys vir persone wat store wil huur en wat bereid is om daarvoor te betaal.

VEILIGHEID VAN INWONERS: TOEGANG

Ons ontvang van tyd tot tyd klagtes van inwoners wat nie by die hek wag totdat dit toegemaak het nie, asook inwoners wat ongeïdentificeerde persone en voertuie tot die kompleks toelaat. **Dit skep 'n groot veiligheidsrisiko vir ALLE inwoners. INDIEN ENIGE INWONER BESEER OF STERF as gevolg van nalatigheid in dié verband, sal die spesifieke inwoner verantwoordelik gehou word vir die daad.**

Let wel, daar is kameras by die ingang wat die oortredings kan staaf, indien dit benodig word. Inwoners, kom ons wees meer verantwoordelik en sien om na mekaar se veiligheid.

Die Uitvoerende Raad en hul portefeuiljes vir 2021 is soos volg:

Leon Mostert	-	Voorsitter (Finansies)
Frans Nel	-	Onder-Voorsitter (Veiligheid, Tegnies en Estetiese)
Alun Palm	-	Lid (Veiligheid, Tegnies en Estetiese)
André Olivier	-	Lid (Koop, verkoop, verhurings van huise en die Saal\Funksies)
Natalsha van Schoor		Sekretaresse

Doelwitte van die Uitvoerende Raad vir 2021

1. Om 'n gees van samehorigheid in die kompleks te skep.
2. Om hierdie jaar te fokus op die estetiese voorkoms van die kompleks.

UITGAWES UIT ONS LOPENDE REKENING TOT OP DATUM

Ouditfooie	Bankkoste
Tuindienste	Benodigdhede vir die bekamping van brand
Versekerings	TenCents Bestuursfooie
Drukwerk en skryfbehoeftes	SMS Bondels aangekoop
Herstelwerk aan die hoofhek	Herstelwerk aan die elektriese heining
Ablusieblok is geverf	Uitgawes kennisgewingborde hoofhek
Algemene werkers	Wellpoints

REËLS EN BELEIDE

Inwoners, maak asseblief seker dat u of u huurder, deeglik bewus is van die kompleks se reëls en beleide. Indien u onseker is van enige reël of beleid, kan u vir Natasha van Schoor (Sel 0847047287, Huis 92 of vphv123@gmail.com) kontak om dit vir u aan te stuur of verkieslik, besoek ons webblad. Gehoorsaam asseblief die neergelegde reëls, beleide en die Grondwet.

WEBBLAD

Dit het aan die lig gekom dat daar heelwat van die eienaars en inwoners is, wat nie op hoogte van die Grondwet, Huurooreenkoms met SK, Beleide en Reëls vir die kompleks, is nie. Vir hierdie rede is meeste van die dokumentasie op 'n webblad geplaas.

Die webblad is www.vphomeowners.com . Besoek dit gerus.

U kan nou al die dokumentasie in u sak ronddra, aangesien die webblad ontwerp is vir slimfone, tablette en rekenaars. **Geen "ek het nie geweet" verskonings meer nie. Bêre die skakel as'n "short cut" op jou toestel.**

"REMOTES"

Elke huis is **slegs op 2 "remotes"** geregtig. Die rede is vir die inwoners se veiligheid. Ons wil nie 'n klomp remotes daar buite plaas nie. **Slegs "remotes" wat by die komitee gekoop word, sal ingestel word.** André Spence is tans die persoon wat dit doen. Die Uitvoerende Raad het dit so met André gereël, aangesien hy aangebied het vir die **gratis** aktivering daarvan. Die ou "remotes" het te veel probleme veroorsaak. Frans Nel aktiveer nog steeds die selnommers vir die ingangshek.

Nuwe eienaars en huurders se nommers **sal slegs op die hek ge-aktiveer word nadat al die nodige dokumentasie voltooi is.** Geen uitsonderings sal gemaak word nie.

COVID REGULASIES

Ons rig weer 'n ernstige versoek tot inwoners om die Covid Regulasies te gehoorsaam om uself en u mede inwoners te beskerm teen siek word. **Dra asseblief u masker indien u buite rond beweeg.**

Ons wil inwoners aanmoedig om vir hulle inentings te gaan, om sodoende mekaar te beskerm.

KLAGTES\KOMPLIMENTE

Slegs klagtes wat op skrif ontvang word, sal aandag aan gegee word. Indien u nie bereid is om klagtes op skrif te sit nie, het u eintlik nie 'n klagte nie. Klaers se name sal nooit bekend gemaak word nie. U sal ook na die maandelikse vergadering, skriftelik kennis ontvang van die Uitvoerende Raad se optrede of terugvoering.

BRANDBLUSSERS

Inwoners maak asseblief seker dat u brandblusser gereeld (een keer per jaar) gediens word. Indien 'n brand uitbreek en u brandblusser is nie gediens nie, beteken dit niks nie en kan u Versekering weier om u eis uit te betaal.

Die Uitvoerende Raad, reël nie vir die diens van brandblussers nie. U kan u blusser na FireSafe in George Straat neem vir n diens. Hou ook asseblief u brandblusser byderhand indien u buite in 'n oop houer vuur maak of buite braai.

KONTRAKTEURS WAT KAN HELP MET HERSTELWERK

Die volgende persone is woonagtig in die park en die komitee kan hulle aanbeveel vir die deeglike werk wat hul verrig:

Flip Zwiegers – 082 780 8284
Jannie Loubser – 083 271 1842
Johan Loubser – 082 041 6854
Robert Keyser – 079 100 9282

IDENTITEITSKAARTJIES WERKERS

Alle workers wat die kompleks betree vir werk, **MOET** 'n identiteitskaartjie hê om wettig in die kompleks te werk. Die aansoekvorms is te kry by Natasha van Schoor. Werkers wat nie die kaartjies het nie, sal toegang geweier word. Hierdie reëling is **vir ons almal se veiligheid en ons versoek inwoners om onbekende werkers te vra vir die identifikasie.**

Baie dankie aan elke inwoner wat reeds u werker(s) regstreer het.

KRAGVOORSIENING

Elke huis word net van 'n 25 Ampere voorsien. Die netwerk is so ontwerp. In sekere gevalle word 40- tot 50 Amp stroombrekers in die "Pillar Boxes" geïnstalleer. Die stroombreker is daar om die kabel en geleiers (drade) na die huis te beskerm teen oorverhitting, wat 'n brand gevaar kan skep. 'n Aantal sulke gevalle het al voorgekom en is reggestel deur eienaars.

PROBLEME MET BURE\INWONERS\GERAASVLAGKE

Ons ondervind probleme met persone wat partytjies hou en wat 'n steuring is vir ander inwoners. Die Uitvoerende Raad doen 'n ernstige beroep op hierdie inwoners om hulle by die reëls te hou om sodoende optrede en boetes te vermy.

Die oplossing van probleme met die bure of inwoners is primêr die verantwoordelikheid van elke inwoner. Indien u bure of 'n inwoner nie gehoor wil gee aan u billike versoek nie, skakel dan die SAPD om bv. geraas, harde musiek, krutaal, ens. aan te spreek. Lig die Uitvoerende Raad ook skriftelik in van sodanige gebeurtenis en ons sal dien ooreenkomsdig optree.

Volgens nuwe wetgewing, is rusverstoring 24 uur van die dag strafbaar en nie meer net saans nie.

ELEKTRIESE, WATER EN RIOOL PROBLEME

Meld dit asseblief self aan by die Stad Kaapstad. Die nodige noodnommers is al uitgestuur. Elektriese, water en rioolprobleme is nie alleen die Uitvoerende Raad se verantwoordelikheid nie. **Slegs gemeenskaplike infrastruktuur probleme in dié verband, sal deur die Uitvoerende Raad hanteer word.**

SPOEDGRENS EN PADREËLS

Ons kinders en u as inwoner, is vir ons kosbaar, daarom wil ons vra dat almal die **rigtingpyle, Toegee- en Stoptekens** sal gehoorsaam, asook die spoed van **10km\h**.

KINDERS MAG NIE NA DONKER FIETSRY OF SKAATS NIE. 'n Wenk is dat die kinders na die straatligte kyk. Wanneer dit aankom, moet fietsryery, skaatsplank, ens. gestaak word. Ouers moet bedag wees hiervan.

Alle inwoners se **voertuie** moet 'n **VPHEV skyfie** met die huisnommer daarop gedruk, aan die linkerkant van die voorruit, vir toegang tot die kompleks, hê. Die munisipale sekuriteit mag u toegang tot die Park weier. Indien u 'n skryfie verlang, kontak asb. vir Natasha van Schoor

POSBUS LEEGMAAK

Tans word die posbus buite die kompleks leeggemaak en die pos versprei na die posbusse binne in die kompleks deur vrywillige inwoners. Geen druk of verantwoordelikheid kan op die person/e geplaas word nie. Indien u vir 'n dringende posstuk wag, kan u reël vir die sleutel van die posbus en self daagliks gaan kyk.

Die Uitvoerende Raad neem geen verantwoordelikheid vir enige posstukke wat moontlik kan wegdraai nie. Almal weet hoe onbetroubaar die posdiens is.

KATTE EN HONDE IN DIE KOMPLEKS

Geen katte en honde word in die kompleks toegelaat nie. Dit is oorhoofs die reëling van Stad Kaapstad, maar ook die van Voortrekkerpark Huiseienaarsvereniging. Die uitvoerende Raad was in konsultasie met die DBV, en toestemming is gegee vir **enige** inwoner om rondloper diere te vang en aan die DBV te oorhandig.

Die Uitvoerende Raad is bewus van oortreders in die verband en daar sal opgetree word en boetes sal gehef word indien daar nie gehoor gegee word aan die skrywe nie. Ons kompleks is te klein en dit leen dit nie toe vir die aanhou van honde en katte nie.

NB: Enige rondloper katte en honde sal gevang word en aan die DBV oorhandig word.

AANBOUINGS EN VERBETERINGS

GEEN AANBOUINGS OF VERBETERINGS VAN ENIGE AARD, MAG TANS IN DIE KOMPLEKS GEDOE WORD NIE, AANGESIEN STAD KAAPSTAD 'N MORATORIUM DAAROP GEPLAAS HET, TOT VERDERE KENNISGEWING.

Die Uitvoerende Raad is nog besig om in dié verband met Stad Kaapstad te onderhandel.

"Verbeterings" sluit in die aanbring van sonskerm, seile en afskortings aan die buite kant van u eenheid of erf. Die uitvoerende raad ondersteun glad nie sulke "verbeterings" nie en ook nie Stad Kaapstad nie.

Inwoners, laat ons, ons nie blootstel aan optrede van Stad Kaapstad en sodoende ander inwoners ook daardeur benadeel nie.

INSPEKSIES

Maandelikse inspeksies op eiendomme, word deur Frans Nel en Alun Palm gedoen. Dit word op elke maandvergadering bespreek en skrywes gaan uit aan eienaars waar instandhouding en herstelwerk gedoen moet word.

Baie dankie aan 97% van die inwoners wat mooi deur die jaar saamgewerk het. Julle eiendomme lyk pragtig en voeg waarde toe tot die kompleks as 'n geheel.

VERHURINGS EN VERKOPE VAN EENHEDE

Indien u van plan is om u eiendom te verhuur of te verkoop, **moet** die Uitvoerende Raad in kennis gestel word. Stad Kaapstad dring daarop aan en het die Uitvoerende Raad getaak om die skakel tussen die VPHEV en Stad Kaapstad te wees. Indien daar agente betrokke is, **moet** die agent die Uitvoerende Raad in kennis stel, sodat die nodige dokumentasie oorhandig kan word.

Indien u nalaat om bogenoemde te doen, **sal** die oordrag van die sessies sloer, of nie plaasvind nie.

Vriendelike groete

UITVOERENDE RAAD: VPHEV